# Winterkoue sit lekkerte in dié pere

Karl von Buddenbrock is 'n veearts wat saam met sy pa, Ean, met pere op hul familieplaas, Rhodene, by Prince Alfred Hamlet boer. Hy's die derde geslag op dié historiese plaas waar nege verskillende soorte pere, asook appels, verbou word.




Ean en Karl von Buddenbrock boer op Rhodene, 'n plaas wat Ean se ma, Ray, in 1951 as trougeskenk by haar pa gekry het.

### Prince Alfred Hamlet se reputasie as peerverbouingsarea loop hom vooruit. Waarom?

My pa sal sê dis die goeie produsente, maar dis waarskynlik te danke aan die mikroklimaat. Ons het warm somers en werklik koue winters, wat 'n groot rol speel. Wanneer die bome in die winter dormant is, het hulle 'n sekere hoeveelheid koue-eenhede nodig om uit hul winterslaap te kom en gehaltevrugte te produseer.

Elke kultivar het sy eie kouebehoefte. Ons tref die kol met party, soos Forelle. Ek glo dat Forelle uit Prince Alfred Hamlet van die beste in die land is! Ons sit baie moeite daarin en dis goeie produkte wat jy wyd kan bemark, van die Verre Ooste tot in Afrika.

### Waarom soveel kultivars?

Ons probeer om ons oesvenster te rek met die verskillende kultivars, wat Bon Chretien, Abate Fetel, Forelle, Packham's Triumph, Cheeky en Rosemarie Select insluit. Hulle het verskillende groottes, vorms, smake en opbergingsvermoë, en elkeen het sy eie tydgleuf. Ons begin vroeg in Januarie met Cape Blush, 'n plaaslik geteelde peer wat binnekort onder die Rosy-Lwazi-handelsmerk beskikbaar sal wees. In 'n vroeë seisoen kan dit selfs al tussen Kersfees en Nuwejaar plukgereed wees. Ons sluit uiteindelik die seisoen rondom Paasnaweek af met Forelle-pere.

### Hoe lank neem dit voor 'n peerboom begin vrugte dra?

Dit kan tot sewe jaar duur voor 'n boord in volle drag is, wat beteken jy wag lank vir 'n opbrengs op jou belegging. Jy kyk na tien tot twaalf jaar voor jy gelyk speel, mits jy geen terugslae het nie. Van die nuwe kultivars is daarop gemik om vroeër in produksie te kom sodat dit gouer 'n inkomste kan lewer.

### Watter boerderypraktyke is deurslaggewend tot sukses?

Snoei is belangrik vir lighuishouding in jou boom. Ons markte hou ook van groter pere, wat uitdunning vereis.

Waar dit prakties en moontlik is, volg ons volhoubare praktyke – soos om onkruid te onderdruk met dekgewasse, dan hoef ons minder onkruiddoder te spuit. Ons het 'n hele span wat help met geïntegreerde pesbestuur, byvoorbeeld deur die gebruik van sagter chemikalieë. Verder werk ons waterslim en het ons 'n mini-sonkragaanleg wat waterpompkoste help beperk.

### Vertel asseblief meer oor die opberging en bemarking van pere.

Elke kultivar is bestem vir 'n bepaalde mark, en gebaseer op daardie mark se vereistes word hulle op verskillende maniere gehanteer. Van die plaas af gaan die pere direk in die koueketting, waar dit vir 'n aantal maande opgeberg en soos nodig bemark word.

### Wat frustreer jou as peerboer?

Soos in enige boerdery is kontantvloei altyd 'n kwessie. Ook stygende produksiekoste, al die oudits en wetgewings waaraan ons moet voldoen. Die lang wag voor jy 'n opbrengs op jou belegging het – en nes jy dink jy het 'n goeie jaar, tref die hael jou. Al raad is om so doeltreffend moontlik te probeer boer, noukeurig te beplan en 'n goeie verhouding met die bankbestuurder te hê!

### Het jy dalk 'n geheime peerresep?

Nee, ek eet pere net so in die boord. Maar my ma het al peermampoer gestook. Nou, dis iets om nie ligtelik op te neem nie!